KAMPBRIEF 2023

MOOIKRANS se plaasvakansies vir kinders is ‘n wonderlike oplossing vir lang skoolvakansies, wanneer u kind sonder toesig is, terwyl u moet werk. Ons daaglikse program is vol leersame, opbouende en avontuurlike perdry- en ander plaasbedrywighede, in ‘n veilige omgewing, sonder die televisie en rekenaar!

Ons is ‘n familiebesigheid en is vir meer as 20 jaar landswyd bekend vir ons heerlike en bedrywige plaasvakansies en vir ons opvoedkundige kampe vir skole. Kinders van 9 jaar en ouer is welkom.

Alles teen ‘n uiters bekostigbare tarief en met baie goeie waarde vir u geld.

Perdry en perde is altyd die belangrikste aktiwiteite. Beginners ontvang eers deeglike afrigting en alle ruiters kry die geleentheid om lang ure per dag op die rug van ‘n perd deur te bring.

Ons dag word ingedeel in 4 periodes. Kampers meld aan vir perdry, houtwerk, verfwerk en talle heerlike speletjies. Kinders slaap in slaapsale met 15 beddens elk. Ons eet drie heerlike etes per dag in ons *saloon* en drink soggens koffie op die Coolabah waartydens die dag se program bespreek word.

VAKANSIES OP MOOIKRANS

Ons het **30** lieflike **kinderryperde** en ook baie ander plaasdiere. Elke kamper het ‘n werkie. Ons gee die kalfies, varke, hoenders en perde kos. Soggens gaan haal ons die perde in die veld. Ons borsel die perde, haal eiers uit, versamel hout vir die kampvuur, doen houtwerk en melk koeie. Ons swem in die dam, bou vlotte, speel seerower, gooi kleilat, braai stokbrood en nog vele meer!

Indien die ruitervaardigheid van die kamper dit enigsins toelaat, gaan hulle op ‘n voldaguitrit. Dit is die hoogtepunt van elke vakansie. Dan eet ons in die veld en kom eers laatmiddag terug kamp toe.

Ruiters keer beeste aan (cattle driving) en swem met die perde in die plaasdam.

Ons speel vlagroof en *laser games* (onthou jou flits!).

Ons gaan op ‘n nagmars en kyk na die pragtige sterre in ons skoon lugruim. Die laaste aand hou ons sokkie en *Cowboy Line Dancing.*

RUITERSKAP- EN ANDER KURSUSSE

Bykomend tot die plaasvakansie aktiwiteite, en teen min ekstra koste, het jy ook die keuse om van die volgende kursusse te volg en ‘n sertifikaat met ‘n pragtige roset te ontvang. Elke kursus het ‘n praktiese komponent. Slegs **een** kursus per kamp kan gedoen word.

Kursusse is opsioneel. Diegene wat nie ‘n kursus doen nie word geensins benadeel nie. Koste van kursusse is slegs **R250**.

1. Ruiterskapkursusse:
Nege opeenvolgende kursusse in Ruiterskap word aangebied.
Die COWBOY kursus is die eerste kursus in die Reeks. Leer ken die gebruike en gewoontes van die Cowboy en sy perd. Slaap ‘n nag in die Cowboyhut. Alle eerste kampers begin by die Cowboy kursus.

DIE SENIOR PERDEMEESTER KURSUS rus jou toe om met sukses op ‘n perdeplaas te gaan werk.

2. Oorlewing in die veld vir Jong Avonturiers. Weens die winter koue word dit nie aangebied gedurende Junie/Julie vakansie nie.

CHRISTELIK
Mooikrans is gegrondves op die Christelike waardestelsel. Ons hou oggend- en aandgodsdiens wat almal bywoon.

BUSDIENS

Daar is geen busvervoer na Mooikrans nie. Ouers reël soms met Uber indien hulle nie self kan ry nie.

KAMPDATUMS vir 2023 Elke kamp kos R3 400 pp

Sondag 1 Oktober tot Saterdag 7 Oktober
Sondag 3 Desember tot Saterdag 9 Desember
Sondag 10 Desember tot Saterdag 16 Desember

VERSORGING EN HUISVESTING

Kampers word **nooit** aan hulself oorgelaat nie en het nooit sogenaamde *af*-tyd nie. Mooikrans se opgeleide en bekwame personeel bied die aktiwiteite aan en is altyd beskikbaar om hulp te verleen. Saam skep ons 'n gesellige, kindervriendelike atmosfeer. Ons wens is dat 'n vakansie op Mooikrans 'n blywende indruk op elke besoeker sal maak.

Ons het duidelike reëls waarbinne almal veilig voel. Ongedissiplineerde kinders moet liewers elders vakansie hou.

Ons ry perd oor 'n gebied van 2 000ha (ook op buurplase) en ry vir 'n dag uit sonder om 'n enkele mens teë te kom. Ons oornag soms in ons veldhut en maak koffie op die oop vuur.

BELTYD

Kampers gee hul telefone in met inskrywing waar dit veilig gehou word.
Die kampers ontvang DINSDAG oggend en DONDERDAG oggend om 7:30 – 8:00 hul fone.
U kan u kind gedurende hierdie tyd skakel.

Elna sal u dadelik in kennis stel indien daar enige iets met u kind skort.
NOOD KONTAK Indien u 'n **dringende** saak gedurende die kamp onder Elna se aandag wil bring, moet u 'n **WhatsApp** laat op 083 732 8172. U sal so spoedig moontlik reaksie ontvang. Moenie bel nie.

AANKOMS- EN VERTREKTYD VAN KAMPE

Hekke open om 10:00. Geen toegang voor 10:00.
Aankoms: Streng tussen 10:00 en 13:00

(Aankomstyd vir naweekkampe wat Vrydagmiddag begin: Vanaf 15:00)

Vertrek: Om 11:00. Om 11:00 lewer die ruiters 'n vertoning vir hul ouers in die ryskool en die suksesvolle kursusgangers ontvang hul sertifikate en rosette. Ligte verversings is te koop.

BRING SAAM

1. Bewys van alle betalings.

2. Klere waarvoor jy nie jammer is nie. Warm slaapsak en kussing. **Warm baadjie.** Dit kan skielik koud word. Skoene waarmee jy kan perdry - nie sloffies nie. Waterskoene (voorkom dat tekkies nat word en nat bly.) Hoed. Flitslig. Swemklere in die somer. 'n Ekstra kombers in die winter. Sakgeldjie vir snoepie en aandenkings. Ongeveer R300
Die dra van wyerand hoede as beskerming teen die son is verpligtend.

Ruiters dra ruiterdrag. Denim langbroek, hemp met MOUE 'n KRAAG (om sonbrand te voorkom). Breërandhoed en stewels (of waterstewels).
Hoed en bandana is te koop op Mooikrans.
Ruiters is ook welkom om hul eie kletterpette (valhelmets) op te sit wanneer hulle perdry.

HOE OM TE BESPREEK
1. Stuur 'n navraag aan elna@mooikrans.co.za
2. Indien u bykomende inligting met Elna wil bespreek is u welkom om 'n e-pos te stuur.
2. **Deposito:** 'n Deposito van R500 p.p is betaalbaar met bespreking.
Verwysing: U **naam, van** en **datum van kamp.**
Stuur die bewys van u deposito en die voltooide Inskrywingsvorm na elna@mooikrans.co.za. Ontvangs sal erken word. U plek is dan bespreek.

Gelde.
EFT betalings kan **vooraf** gemaak word. Slegs **kontantbetalings** word tydens inskrywing ontvang.

BRING ALLE INBETALINGSBEWYSE SAAM!! Mooikrans hou nie rekord van u betalings nie.

BANKBESONDERHEDE
MOOIKRANS, Standardbank, Tjek rek.
Amersfoort. Takno: 052543 Rek. no: 371 456 401

LIGGING
GPS: Suid 26 56,234 Oos 29 44,328 Ongeveer 240km vanaf Pretoria en Johannesburg, op die Hoëveld van Mpumalanga, tussen Morgenzon en Amersfoort. Probeer om so ver as moontlik op die N17 te ry. Tussen die myne by Ogies is die pad 'n nagmerrie.